83/84

THABO ISAAC KHAOLA

EN

DIE STAAT

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

THABO ISAAC KHAOLA .................... Appellant

EN

DIE STAAT ............................ Respondent

Coram: CILLIé, HOEXTER *et* HEFER, ARR

Verhoor: 17 Augustus 1984

Gelewer: 3 September 1984

---

U I T S P R A A K

CILLIé, AR :

Op Dinsdagoggend, 1 Maart 1983, kort na agtuur het Michael Thaele (die oorledene) en Thabo

Khaola .... / 2

Khaola (die appellant) saam in 'n huurmotor uit Welkom vertrek. Die oorledene was die bestuurder en die appellant sy enigste passasier. Die voertuig was een van 'n vloot huurmotors wat behoort het aan 'n man, in die omgang bekend as Salut; dit was 'n Toyota Hi-Ace bussie (hierna die bussie genoem) en twee naamplate met besonderhede van die eienaar was aan sy buitekant aangebring. Die appellant was tot kort tevore ook 'n huurmotorbestuurder in Welkom; hy was in diens van 'n sekere Kodisang.

'n Derde huurmotorbestuurder van die omgewing, Paulos Morapedi, was dieselfde oggend teen ongeveer twaalfuur op pad van Welkom na Hennenman. Na aan die laasgenoemde dorp kry hy die appellant by

die bussie langs die pad. Die appellant het hulp gevra want die motor van die bussie wou nie loop nie. Morapedi het vasgestel dat die fout by die vergasser lê en nadat hy die petrolfiltreerder skoongemaak het, het die masjien weer gewerk. Op 'n vraag van Morapedi het die appellant geantwoord dat hy in Salut se diens was; Morapedi het aan die naamplate gesien dat die bussie aan Salut behoort. Terwyl hy met die herstelwerk besig was, het hy by een geleentheid die bussie se voordeur aan die bestuurderskant oopgemaak. Aan die middelste stoel, dit is die passasiersitplek langs die bestuurder s'n, het hy bloed opgemerk. Hy het getuig:

> "Hierdie bloed was op die sitplek waar

> die passasier sit, maar by die omgewing wat hy sit was daar nie meer bloed nie. Net na die kante toe, jy kon sien dat die bloed daar uitgeloop het."

Die bloed was reeds droog gewees. Morapedi het die appellant gevra waar die bloed vandaan kom en die antwoord was dat die mense wat hy, die appellant, die vorige aand opgelaai het, baklei het.

Met sy vertrek het Morapedi gesê die appellant moet voor hom ry "so as daar enige moeilikheid kom kan ek hom help." Op die pad na Hennenman het die appellant eers stadig gery en toe skielik vinniger. Hoewel Morapedi sy motor se flikkerligte aangeskakel en sy spoed vermeerder het, kon hy die appellant nie inhaal nie. Hy het

agterdogtig geraak en die aangeleentheid by die polisiestasie op Hennenman aangemeld.

Tussen een- en tweeuur dieselfde Dinsdagmiddag het 'n jong skoolseun op die lyk van die oorledene afgekom. Dit het in lang gras gelê, ses tot sewe meter van die teerpad af wat van Welkom na Kroonstad loop; die besondere plek is sowat 20 kilometer van Kroonstad geleë. Die eienaar van die plaas waaroor die pad loop, het die polisie ontbied. Hy het ook getuig dat die vel van die lyk op plekke nerf-af was maar dat daar in die omtrek geen teken van onlangse gras- of veldbrande was nie. Die speurdersersant wat later in die middag die lyk kom haal het, het verklaar dat

dit .... / 6

dit ten volle gekleed was behalwe dat een voet nie 'n skoen aangehad het nie. Omtrent die toestand van die klere sê hy:

> "Daar was nie baie bloed aan die hemp nie. Die meeste van die bloed was aan die broek. Af met die linkerbeen, dit is die voet wat nie 'n skoen aangehad het nie."

Sy getuienis was verder dat die hemp twee gate gehad het, een aan die linkerkant van die bors in die omgewing van die tepel en die ander net regs van die middellyn van die liggaam onderkant die ribbes. Hierdie getuie het ook geen tekens van brand in die omgewing of aan die klere van die lyk opgemerk nie maar wel gesien "dat die vleis op sy liggaam begin afgaan."

Die distriksgeneesheer, dr F M

Peters, het met die lykskouing twee steekwonde reg van voor aan die liggaam gevind. Die eerste was in die linkerbors by die sesde ribspasie; dit het tot in die hart gedring en sou onmiddellik sterk bloeding veroorsaak het, so sterk dat dit sou uitspuit. Hierdie wond was die oorsaak van die dood. Die tweede wond was regs van voor onder die ribband. Dit het tot in die maag gedring. Die dood sou waarskynlik na vyftien minute ingetree het. Die geneesheer het bevind dat die wapen, dit was 'n mes, met die stekery dwars gedraai was. Na die geneesheer se mening kon die meswonde toegedien gewees het terwyl die oorledene agter die stuurwiel van die bussie gesit het; as hulle toegedien was terwyl die

aanvaller en die slagoffer gestaan het, sou hy 'n ander vorm van ingangswond verwag het. Verder het hy ook 'n aantal vry ernstige brandwonde aan die lyk opgemerk, aan die nek, bors, boarms en bo-op die een voet. Daar bestaan, volgens sy getuienis, 'n sterk vermoede dat die liggaam se klere uitgetrek is, 'n ontvlambare stof op die liggaam uitgegooi en ontbrand is, en die klere toe weer aangetrek is.

Die appellant het ongeveer agtuur die betrokke aand by sy suster in Namahadistad, Qwa Qwa, opgedaag. Hy het onverwags en alleen in die bussie daar aangekom en aan sy suster gesê dat hy maar net kom groet het. Hy het ook aan haar vertel dat dit sy voertuig was, dat hy dit gekoop het

vir R8000 en R3000 as 'n deposito betaal het; die balans het hy ook reg gehad om te betaal. Hy het nie by haar oorgebly nie en het skynbaar nie daar klere kom haal nie.

Van Qwa Qwa het die appellant na die Witwatersrand gegaan. In die bussie was 'n sakkie met geld wat deur die oorledene ingesamel en gebruik was; die appellant het die geld geneem om, onder andere, petrol te koop. Die draadloosstel wat in die bussie ingebou was, het hy uitgehaal, verkoop en nie vervang nie. Ongeveer tien weke lank het hy die bussie as huurmotor aan die Witwatersrand en tot sover as Zeerust gebruik. Daar ontmoet hy 'n ou vriend, Benjamin Tolo, wat

namens die Staat getuig het dat hy en die appellant saam by Tolo se ouers gewoon het. Aan Tolo het hy vertel dat die bussie aan sy pa behoort. Hy het ook aan Tolo 'n slagtersmes gegee om te bewaar. Die lem van die mes was 15 sentimeters lank en die hef amper tien sentimeters. Dit is die mes waarmee die oorledene doodgesteek is en wat later as bewysstuk in die Verhoorhof gedien het. Daar was ook sprake van 'n knuppel in die bussie maar dit kon later nie gevind word nie.

In opvolging van inligting wat ontvang is, het konstabel Patrick Mdhluli van die Spoorwegpolisie die appellant op Vrydagaand, 13 Mei 1983, by die Johannesburgse stasie opgespoor. Die

bussie was geparkeer op die terrein vanwaar busse passasiers na die tuislande vervoer. Konstabel Mdhluli het gewag totdat die appellant in die bussie geklim het en hom toe genader. Op vrae van die konstabel het die appellant geantwoord dat dit sy bussie was en dat die dokumente met betrekking tot die voertuig by die huis was. Toe het konstabel Mdhluli die appellant in hegtenis geneem. Volgens die bussie se afstandsmeter het dit bykans 6000 kilometer afgelê sedert die oorledene en die appellant Welkom verlaat het. Die voertuig was erg beskadig en dit sou ongeveer R1200 gekos het om al die skade te herstel.

Later, in November 1983, het die

appellant in die Rondgaande Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof te Virginia tereggestaan op aanklagte van moord en roof met verswarende omstandighede. Hy is op albei klagte skuldig bevind. Na 'n bevinding dat daar geen versagtende omstandighede by die pleging van die moord teenwoordig was nie, is hy op die eerste aanklag ter dood veroordeel; op die tweede skuldigbevinding is hy 'n vonnis van twaalf jaar gevangenisstraf opgelê. Met verlof van die Verhoorhof kom hy in hoër beroep teen die skuldigbevinding aan moord, die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede was nie, die skuldigbevinding aan roof met verswarende omstandighede en die opgelegde vonnis in dié verband.

Die appellant se verweer was 'n poging om die erkende en bewese feite te laat pas in 'n agtergrond van beweerde diefstal en bedrog. Die hooftrekke van die verweer is die volgende: Toe die appellant nog 'n huurmotor bestuur het, het hy en die oorledene besluit - en die besluit met 'n eed bekragtig, sê hy - om 'n huurmotor wat deur die een of die ander bestuur word, te steel en tot hul eie voordeel saam te gebruik in die omgewing van die Witwatersrand. Nadat hy, die appellant, uit sy werk ontslaan is, het hulle, desnieteenstaande, besluit om met hulle plan voort te gaan. Dit sou beteken dat die voertuig wat die oorledene bestuur, gesteel moes word. Die appellant het die

oorledene versoek om hom die betrokke Dinsdagoggend na 'n plaas in die omgewing van Welkom te neem waar hy 'n slagskaap wou koop. Die skaap moes geslag word in verband met 'n reinigingseremonie; sy vader het sowat twintig jaar te vore gesterf en hy het toe nie die reinigingseremonie bygewoon nie. Sy oom het hom vertel dat dit die rede was waarom hy nie weer werk kon kry nie en dat nog 'n seremonie wat hy sou bywoon, gehou moes word. Uit sy getuienis blyk dit dat hy die mes, waarna reeds verwys is, vir sy eie beskerming aangeskaf het toe hy nog 'n huurmotor bestuur het. Aanvanklik het dit gelyk of hy die slagmes die besondere oggend saamgeneem het om die skaap mee te slag. Volgens later

getuienis, egter, sou die slagtery eers by die huis op Welkom plaasvind. Daar was inderdaad geen rede waarom hy die mes moes saamneem nie en hy sê dat hy dit sommer uit gewoonte geneem het toe hy dit tussen sy klere gekry het.

Volgens die appellant het hy en die oorledene die besondere oggend sterk drank gebruik. Voor hulle vertrek uit Welkom het hulle een bottel Klipdrift-brandewyn en ses blikkies bier gekoop. Hy het vir die aankope R5 bygedra en die oorledene R10. In die ry het hy drie blikkies bier en helfte van die brandewyn, en die oorledene die res van die brandewyn en twee blikkies bier gedrink. Hulle het die plan bespreek. Die

oorledene wou nie daarmee voortgaan nie. Hulle was albei dronk, hulle het gestry en mekaar uitgevloek. Die oorledene het die appellant geklap en toe het hulle mekaar met vuiste bygedam. Die bussie het van die pad af geloop en teen 'n draadheining tot stilstand gekom. Die oorledene het 'n knuppel agter sy sitplek uitgetrek, uitgeklim en agter om die bussie geloop om die appellant te gaan slaan. Die appellant het aan sy kant uitgeklim terwyl hy die mes uit sy sak trek om homself te verdedig. Toe die oorledene sy regterhand lig om die appellant met die knuppel te slaan, het laasgenoemde met sy linkerhand die oorledene se regterhand gegryp en vasgehou. Toe het hy die oorledene tweekeer met

die mes gesteek. Die oorledene het geval.

Omdat die oorledene nog geluide gemaak het, het die appellant hom voor in die bussie getel en op die sitplekke laat lê. Met moeite het hy die bussie weer op die pad gekry en toe weggedraai in die rigting van Kroonstad sodat hy die oorledene gou by 'n hospitaal kon bring. Hy het egter na 'n kort rukkie opgemerk dat die oorledene geen geluide meer maak nie en dood was. Hy het toe stil gehou en die lyk afgelaai op die plek waar dit later gevind is. Die naamplate aan die bussie het hy ook afgehaal en in die veld weggegooi. Kort na sy vertrek het die bussie gaan staan en Morapedi het hom te hulp gekom. Hy is toe eers

na sy suster in Qwa Qwa om klere te gaaan haal en daarna het hy en Tolo saam die bussie aan die Witwatersrand en in Wes-Transvaal as huurmotor gebruik.

Die volgende aspekte en besonderhede van die appellant se getuienis is van belang by 'n oorweging van die korrektheid van die Verhoorhof se afleidings en bevinding dat sy skuld bo redelike twyfel bewys is. Die hoeksteen van die appellant se saak is die beweerde ooreenkoms tussen hom en die oorledene. Hy het verklaar dat die oorledene aanvanklik met die dieftige voorstel na hom toe gekom het en bereid was om die plan deur te voer selfs nadat hy, die appellant, uit sy werk ontslaan is. Die vraag waarom die oorledene dan

op die betrokke Dinsdag wou kop uittrek, bly onbeantwoord. Dit is onwaarskynlik dat 'n man soos die oorledene so'n plan sou beraam of selfs daaraan sou deelneem. Al word toegegee dat daar maklik van 'n afgestorwene goed gepraat word, kan sy werkgewer se onbetwiste en herhaalde getuienis dat hy die oorledene vertrou het, nie geringskat word nie. Die Verhoorhof het tereg tot die gevolgtrekking gekom dat die oorledene volgens getuienis 'n "betroubare en verantwoordelike werknemer van Salut" was. Die vraag kan gestel word waarom hy sy werk sou prysgee vir 'n gevaarlike onderneming waarin hy en die appellant as diewe en die bussie as gesteel uitgeken kon word, en hy dan nog sy inkomste met die appellant

moes deel. Hieraan kan nog toegevoeg word dat die appellant volgens die Verhoorhof nie 'n gunstige indruk as getuie geskep het nie; hy steek nie sy oneerlikheid, onder andere in verband met die sakkie geld en die draadloosstel, weg nie en het getuig dat hy alleen met die plan sou voortgegaan het as die oorledene nie langer wou saamwerk nie. Na my mening het die Verhoorhof tereg bevind dat die bestaan van die ooreenkoms "uiters onwaarskynlik" is.

Die appellant het as mede-oorsaak van die bakleiery in die bussie genoem dat hy en die oorledene onder die invloed van sterk drank was. Dit is opvallend dat hy in die Verhoorhof getuig het dat hy in 'n "volledige verklaring" voor 'n land-

dros nagelaat het om te meld "dat ons daardie tyd dronk was". Dan is daar die onbetwiste getuienis van Albert Thaele dat sy broer, die oorledene, nie sterk drank gebruik het nie. Hy sê:

> "Hy het heeltemal nie gedrink nie.
> Ek het hom nog nooit gesien drink nie."

In die omstandighede is dit onwaarskynlik dat die oorledene op die bepaalde oggend, soos die appellant getuig het, sou aangedring het op die koop van drank en dit dan later die oggend sou opdrink terwyl hy besig was om die bussie met 'n passasier te bestuur. Indien die appellant so veel gedrink het as wat hy voorgegee het, kon verwag word dat Morapedi wat hom later die oggend gehelp het, sou agterkom dat hy sterk drank gedrink het. Morapedi het nie so iets

Volgens die getuienis het hulle by geen plaas aangegaan en geen skaap gekoop nie. Die appellant se bewerings oor die feit dat hy 'n groot mes in sy besit gehad het, is reeds genoem. Hieroor hoef net die volgende gesê word. By onstentenis van 'n aanvaarbare verklaring waarom hy 'n slagtersmes van hierdie formaat in sy besit gehad het, het daar 'n sterk vermoede ontstaan dat dit saamgeneem is as 'n wapen, nie net vir verdediging nie maar ook vir aanval.

'n Knuppel waarmee die oorledene

opgemerk nie. Die geneesheer wat die lykskouing onderneem het, het getuig dat hy geen spore van drankinname by die lyk van die oorledene bespeur het nie maar daarop gewys dat die drank by een van die wonde kon uitgeloop het. Omtrent die getuienis oor drankgebruik sê die Verhoorhof:

> "Dit is na ons mening geheel en al onaanvaarbaar."

Hiermee stem ek saam.

Behalwe die appellant se getuienis dat hy die oorledene gevra het om hom na 'n plaas te neem waar hy 'n slagskaap wou koop, is daar geen aanduiding waarom hy en die oorledene die betrokke oggend saam in die bussie op die pad was nie.

hom sou gedreig het, was, volgens die appellant, deur die oorledene as beskerming teen opstandige passasiers gebruik. Terloops kan net genoem word dat nòg die oorledene se broer, nòg sy werkgewer, iets van so'n wapen geweet het. Na die bakleiery sou die appellant dit op die grond opgetel en in die bussie gegooi het. Gedurende die volgende paar maande was dit in die bussie totdat hy, so is getuig, dit aan 'n passasier as geskenk gegee het.

Na sy getuienis oor hoe die oorledene met die knuppel na hom toe gekom het, verklaar die appellant: "Ek het toe ook afgeklim omdat ek wou self hierdie man baklei". Nogtans is sy verweer dat hy homself moes verdedig. Hy het eg-

ter nie verduidelik waarom hy die oorledene twee keer gesteek het nie. Melding is reeds gemaak van die geneesheer se bevindings en afleidings met betrekking tot die steekwonde aan die lyk. Toe die appellant in die getuiebank was, is hy gevra om noukeurig te wys hoe hy die wonde toegedien het. Die uitspraak hieroor lui:

> "Volgens beskuldigde se demonstrasie het hy die mes met sy regterhand horisontaal vanaf sy regterkant na sy linkerkant beweeg op die hoogte van sy middellyf of sy broek se band en op so'n wyse dat dit oorledene se liggaam, vanaf laasgenoemde se linkerkant na sy regterkant moes binnegedring het op 'n hoogte laer as sy broek se band omdat hy langer as beskuldigde was. Ten tye van die stekery sou hulle reg teenoor mekaar gestaan het met hulle gesigte na

> mekaar toe. Beskuldigde het hierdie demonstrasie tweemaal gedoen en dit is onversoenbaar met die mediese getuienis."

As die leuens oor die bloed in die bussie ook in aanmerking geneem word, is dit hoogs waarskynlik dat die stekery binne in die bussie plaasgevind het, soos volgens die geneesheer wel kon gebeur het.

Die appellant het verklaar dat hy met die gewonde man hospitaal toe gejaag het. Dat hy nie die pad na die naaste hospitaal in Welkom nie maar die een na Kroonstad gekies het, verduidelik hy met die bewering dat hy geskok en onder die invloed van drank was. Met inagneming van die feite kan hierdie verskoning nie as bevredigend

beskou word nie. In hierdie verband is die Verhoorhof se bevinding dat die appellant ook verantwoordelik was vir die brandmerke aan die lyk, myns insiens korrek.

Die appellant het Morapedi se getuienis oor die naamplate aan die bussie, die appellant se verduideliking van die bloed in die bussie, die versoek aan hom om stadig te ry, dat hy weggejaag het en dat die ontmoeting op die pad tussen Welkom en Hennenman was, betwis. Hy het beweer dat hy gesê het dat dit die bloed was van 'n persoon wat saam met hom was en dat die ontmoeting op die pad van Welkom na Kroonstad was. Die Verhoorhof het, na my mening, tereg die getuie-

nis van Morapedi bo dié van die appellant aanvaar.

Die Verhoorhof het ondersoek ingestel na die moontlikheid van versagtende omstandighede by die pleging van die moord. Die volgende aangeleenthede is genoem: Die appellant se jeugdigheid - hy was 23 jaar oud; sy opleidingspeil; moontlike provokasie deur die oorledene; en die appellant se opset by die aanval op die oorledene. Daar is bevind dat hierdie aangeleenthede nie genoegsaam was om op 'n oorwig van waarskynlikhede versagtende omstandighede by die pleging van die moord daar te stel nie. Hierdie bevinding is myns insiens korrek. Die getuienis met betrekking tot die tweede aanklag, toon onteenseglik dat die

appellant die bussie geneem het met die doel om die eienaar van sy regte daarin te ontneem en in omstandighede wat ongetwyfeld verswarend was.

Na oorweging van al die getuienis en toelaatbare afleidings is die onvermydelike slotsom dat die appellant se relaas nie redelik moontlik waar kan wees nie en, soos die Verhoorhof gedoen het, as vals verwerp moet word. Daarteenoor is die getuienis namens die Staat aanvaarbaar. Die enigste moontlike afleiding bo redelike twyfel is dat die appellant die oorledene om die lewe gebring het met die opset om hom dood te maak, dat daar geen versagtende omstandighede by die pleging van die misdaad teenwoordig was nie, en dat hy, onder

verswarende omstandighede, die bussie van die oorledene geroof het. Dit is die bevinding van die Verhoorhof; daar bestaan geen regverdiging om met hierdie skuldigbevindings en die daaropvolgende strawwe in te meng nie.

Derhalwe word die appèl afgewys.

---

P M CILLIé, AR

HOEXTER, AR )
stem saam
HEFER, AR )